

Die ACVV as welsynspionier: Van welsyn vir armlankes tot eietydse uitdagings vir inklusiewe ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk¹

The ACVV as welfare pioneer: From welfare for poor whites to contemporary challenges for inclusive developmental social work

LAMBERT ENGELBRECHT

Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Stellenbosch
lke@sun.ac.za



Lambert Engelbrecht

LAMBERT ENGELBRECHT is verbonde aan die Departement Maatskaplike Werk van die Universiteit van Stellenbosch. Hy beskik oor uitgebreide praktykervaring as maatskaplike werker en gemeenskapsontwikkelaar in kwesbare gemeenskappe. Sy belangstellingsvelde is maatskaplike-werkbestuur en -supervisie, sowel as armoedeverligtingstrategieë in maatskaplikewerkdienslewering. Hy integreer akademiese onderrig, sy navorsingsfunksie en gemeenskapsinteraksie in sy betrokkenheid by die bestuur van nieregeringsorganisasies en supervisie van maatskaplike werkers. Verskeie artikels en referate oor hierdie onderwerp is reeds deur hom nasionaal en internasionaal gepubliseer en aangebied. Hy is 'n welwillendheidsambassadeur van die ACVV, die oudste welsynsorganisasie in Suid-Afrika.

LAMBERT ENGELBRECHT is attached to the Department of Social Work at the University of Stellenbosch. He has extensive experience as a social work practitioner and community developer in vulnerable communities. His interests lie in the fields of social work management and supervision, as well as strategies for poverty alleviation in social work service delivery. His role as lecturer, his engagement in research and interaction with the community find common purpose in his involvement in the management of non-governmental organisations and the supervision of social workers. Several of his articles and papers on this subject have been published and presented nationally and internationally. He is a goodwill ambassador of the ACVV, the oldest welfare organisation in South Africa.

ABSTRACT

The ACVV as welfare pioneer: From welfare for poor whites to contemporary challenges for inclusive developmental social work

The ACVV was the first formal welfare organisation in South Africa, and was officially instituted in 1904. The laudable contribution made by this organisation towards the establishment of sophisticated social welfare services and structures was however eclipsed by the fact that these

¹ Die menings in hierdie artikel weerspieël nie noodwendig die menings van die ACVV nie.

services were in the main focused on poor whites. It is against this backdrop that the historical markers of the ACVV are analysed in this article, followed by an overview of the context of its current inclusive developmental social work, in order to present contemporary challenges facing the ACVV and similar welfare organisations.

The most distinctive characteristic of the ACVV is in all probability the fact that it has a stable organisation culture, with women, language and religious persuasion having been the chief elements since its inception. This organisation culture has remained the definitive unifying factor for volunteers who make up the very backbone of the organisation, and this in spite of continuous criticism and pressures over the past century to make politically correct changes. For organisations like the ACVV to survive within a social development context subject to socio-economic and political transformation, an ongoing evaluation of the elements of the organisation culture and of the subsequent impact on the body of volunteers, is indispensable in order to distinguish whether these elements add value to sustainable social service delivery or merely serve the interests of current institutions.

The ACVV manages its volunteers within a value-driven learning environment, as becomes apparent from its continuous education of volunteers to keep pace with changing demands, laws and regulations of the government. This value-driven learning environment must always renew itself, as evidenced by the ACVV's adjustment to current tendencies with innovative programmes. The fact that the ACVV has always focused on the development of volunteers' strengths, contributes to their taking ownership of the organisation. Not only do social programmes serve to empower the service users, but the capacity of volunteers is also developed. The challenge is to integrate, from a strength's perspective, the service users, volunteers, auxiliary workers, community development officers and social workers, into one social development community, all with equal input, to manage in a productive manner any possible conflicts resulting from different approaches to service delivery.

The core business of the ACVV, namely family care work within the context of poverty alleviation, has always served to illustrate its focus on social services to vulnerable people. The organisation has never, despite political pressures, lost this focus and has never become involved with other social actions which could estrange its volunteer corps and compromise the quality of its service rendering.

The history of the ACVV also shows that the vision and mission of development-directed social welfare organisations should be focused and delineated in such a way that social workers' theoretical and professional grounding should steer their service delivery, such as rendering statutory services. In South Africa no other profession has been authorised to deliver statutory social services. Where this is not a priority and where workers are not available to render such services effectively, service users have no recourse to any other safety nets and social workers fail to meet basic principles of social development.

Placing principles of social development only within the orbit of economic projects such as job creation, has proved throughout the history of the ACVV to be unsustainable and insignificant, chiefly as a result of the overwhelming critical psychosocial problems coupled with a lack of essential resources, facing frontline social workers. To the contrary, the integration of economic activities and social work activities through, for example, the development of entrepreneurial skills has always been a driving force in the ACVV's operations. This is not an alien poverty alleviation philosophy of the organisation and should always form part of social development – but then through consciously facilitating such actions in all services on all levels and not only as isolated projects in some programmes. The goal should be a situation specific balance between developmental and remedial functions in the employment of social work methods (case work,

group work and community work), with an eye to the delivery of effective developmental social work services.

History has proved that a partnership of the ACVV and the state is unavoidable especially in a financial sense, but that attendant demands could adversely affect the qualitative functioning of the organisation, and the political aims and agenda of the state could jeopardise the organisation culture of the ACVV. As a result of globalisation and in the interests of financial survival and functioning independently of the state, it is a matter of great urgency for the ACVV and other NGOs to diversify their income base in a creative manner. Opportunities, for example, for entrepreneurially directed service delivery to the private and industrial sectors, with an eye to the core business of the organisation, should be identified towards generating a sustainable financial income for the organisation. The ongoing capacity building of informal organisations, currently characteristic of the ACVV, should also be strengthened and should be marketed as part of social development to local as well as international sponsors and should therefore be accounted for in the income base of the organisation.

The loyalty, integrity and quality of not only the ACVV's volunteers but also of its social workers and other staff, have always been above reproach, chiefly flowing from the unifying organisation culture – currently in competition with economic and other powers due to globalisation. In future, retention of staff and volunteers will have to be managed creatively by combining all the strengths of the organisation to make the job prospects attractive and sustainable.

The capacity and services of the ACVV, developed throughout more than a century of experience and transformation of social services for poor whites to inclusive developmental social work, still demonstrate a significant, positive impact on the lives of vulnerable people in SA – an asset and an achievement which cannot be attributed to many institutions in SA.

KEY CONCEPTS: ACVV, women's organisations, welfare, non-governmental organisations, apartheid, poor whites, social development, inclusive developmental social work, transformation, volunteers, organisation culture

TREFWOORDE: ACVV, vroueorganisasies, welsyn, nie-regeringsorganisasies, apartheid, armblankes, maatskaplike ontwikkeling, inklusiewe ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk, vrywilligers, transformasie, organisasiekultuur

OPSOMMING

Die eerste formele welsynsorganisasie in Suid-Afrika, naamlik die ACVV, is amptelik in 1904 gestig. Dié betrokke welsynsdienste was aanvanklik op armblankes gerig en dit het in sekere kringe die ACVV se besondere bydrae tot die daargestelling van gesofistikeerde maatskaplikewerk-dienste en -strukture oorskadu. Teen hierdie agtergrond word die ACVV se historiese mylpale in dié artikel ontleed, gevolg deur 'n oorsig van die organisasie se teenswoordige inklusiewe ontwikkelingsgerigte maatskaplikewerk-konteks, ten einde eietydse uitdagings aan die ACVV en soortgelyke welsynsorganisasies aan die lig te bring. Die gevolggrekking word gemaak dat die bedoelinge en krag van veral vroue in welsyn nie altyd na waarde geskat word nie; en om die ACVV slegs binne die konteks van 'n volksmoederdiskoers of kleurslagboom te beskou, is bloot eendimensioneel, sonder begrip dat dit juis die organisasiekultuur en vrywilligerbasis van die organisasie is wat dit oor geslagte heen die verskillende politieke bestelle laat oorleef het. Die kapasiteit en dienste van die organisasie demonstreer steeds 'n beduidende positiewe impak op die lewens van kwesbare mense en transformasie van maatskaplike werk in Suid-Afrika. Eietydse uitdagings behels onder meer die behoud van 'n samebindende organisasiekultuur en

vrywilligerskorps; die gerigtheid op gesinsorgdienste as kernaktiwiteit; die bestuur van die organisasie as 'n waardegedrewe leeromgewing vanuit 'n sterkteperspektief; 'n situasiespesifieke balans tussen ontwikkelings- en remediërende funksies en ook maatskaplikewerk-metodiek; die integrering van ekonomiese aktiwiteite met maatskaplikewerk-aktiwiteite deur bewustelike fasilitering van sodanige aksies tydens alle dienste op alle vlakke; versekering van 'n volhoubare finansiële inkomste vir die organisasie; en die behoud van personeel en vrywilligers.

INLEIDING

Op 26 Mei 2011 verwys Suid-Afrika se Minister van Hoër Onderwys en Opleiding in sy begrotingsrede na die implikasies van die “Wet op mijen en bedrijven” (Nr. 12 van 1911), wat honderd jaar gelede as kleurslagboom gedien het om werk vir armblankes te reserveer en wat regstreeks tot die bevordering van armblankes se welsyn bygedra het (Nzimande 2011). Hierdie en ander soortgelyke wette was indertyd nie die enigste pogings tot bevordering van die welsyn van armblankes nie. Formele welsynsdienste is reeds teen 1815 aan armblankes in Suid-Afrika gelewer (Hugo, Schoeman & Engelbrecht 1980) en die eerste welsynsorganisasie, naamlik die ACVV, is reeds in 1904 amptelik gestig (Lambrechts & Theron 1959) – dus geruime tyd voor die inwerkingtrede van wetgewing wat apartheid bevorder het.

Die feit dat die betrokke welsynsdienste aanvanklik op armblankes gerig was, oorskadu egter in sekere kringe die eerste welsynsorganisasie in Suid-Afrika se besondere bydrae tot die daarstelling van gesofistikeerde maatskaplikewerk-dienste en -strukture. Outeurs soos Du Toit (2003), Kruger (1991) en Walker (1990) verwys byvoorbeeld breedvoerig na die bydrae van die ACVV tot Afrikaner-nasionalisme binne die konteks van die organisasie se bevordering van 'n volksmoederdiskoers en apartheid, sonder om die daadwerklike bydraes tot maatskaplike werk ook te verken en te verhelder, waarskynlik omdat dit nie deel van die betrokke outeurs se vakgebiede is nie. Daarteenoor stel Lambrechts en Theron (1959), in waarskynlik die volledigste uiteensetting van die werk van die Afrikaanse Vrouevereniging van die stigting van Vrouekomitees in 1899 af tot volle funksionering in die laat-vyftigerjare, dat die ACVV “...se hoofdoel welsynswerk in die ruimste sin van die woord is” en dat “...gesinsorgwerk...die eintlike kern van die werksaamhede van die ACVV...” is (Lambrechts & Theron 1959:1, 35).

Historiese navorsers met noue verbintenisse, kennis en ervaring van die ACVV verleen dus ruim erkenning aan die bydrae van die ACVV tot maatskaplike werk *per se* in Suid-Afrika. Binne die konteks van welsynsdienste aan armblankes postuleer Winckler (1969:39) voorts eksplisiet in 'n sosiaal-historiese studie van tendense in die Suid-Afrikaanse Volkswelsynbeleid van 1910-1966:

Om 'n behoorlike georganiseerde volkswelsyndiens van staatsweë in Suid-Afrika ingestel te kry, was dit dus nodig dat die land eers ekonomies deur moeilike tye moes gaan en dat die volk finansiële nood moes uitstaan. Daar moes eers 'n armblankevraagstuk ontstaan.

Selfs Patel (2005:76), 'n maatskaplike apartheidsaktivis wat 'n beduidende bydrae tot die totstandkoming van Suid-Afrika se teenswoordige welsynsmodel gelewer het, gaan sover om te noem dat die formele welsynsektor van die verlede tot 'n “... fairly developed infrastructure of social welfare services...” bygedra het.

'n Besinning oor die strukturele bydrae tot maatskaplike werk deur die ACVV as welsynspionier in Suid-Afrika, sonder om die organisasie bloot in dieselfde konteks as die “Wet op mijen en bedrijven” te beskou, kan dus bydra tot die identifisering en operasionalisering van eietydse

maatskaplike uitdagings. Met die toenemende verswakking van Suid-Afrika se posisie op die Verenigde Nasies se Menslike Ontwikkelingsindeks (United Nations Development Programme 2009), selfs in vergelyking met buurlande, worstel Suid-Afrika met netelige eietydse maatskaplike uitdagings, wat nie sonder meer slegs deur monetêre maatskaplike hulp in die vorm van toelaes hanteer kan word nie (Engelbrecht 2011). Uit die werksaamhede van die ACVV, wat voor die land se republiekwording (dus meer as 50 jaar gelede) reeds 61 maatskaplike werkers in diens gehad het (Lambrechts & Theron 1959), kan sekerlik waardevolle lesse geleer word vir doeltreffende en eietydse maatskaplikewerk-dienste aan al die kwesbare mense van Suid-Afrika. Hierdie rasionaal is die vertrekpunt vir die doel van hierdie artikel, naamlik om die ACVV se bydrae tot welsyn krities te ontleed, ten einde eietydse uitdagings aan welsynsorganisasies vir ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk onder die loop te neem. In hierdie verband word ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk as die profesie se operasionalisering van 'n maatskaplike ontwikkelingsbenadering tot welsyn beskou (Gray 2006).

Welsyn word in 'n breër konteks as maatskaplike werk gedefinieer en verwys na 'n samelewing se sisteem van programme, voordele en dienste wat bydra tot die bevrediging van mense se maatskaplike, ekonomiese, opvoedkundige en gesondheidsbehoefes, en wat die instandhouding van 'n samelewing ten grondslag lê (Zastrow 2006). Daarenteen is maatskaplike werk slegs een van die professies wat tot die welsyn van 'n samelewing meewerk. Die maatskaplikewerk-profesie word internasionaal omskryf as die bevordering van maatskaplike verandering, probleemoplossing in menslike verhoudings en die bemagtiging en bevryding van mense om welstand te versterk. Die profesie benut voorts teorieë oor menslike gedrag en maatskaplike sisteme tydens intervensie met mense en hulle interaksie met omgewings. Beginsels van menseregte en maatskaplike geregtigheid is ook fundamenteel tot maatskaplike werk (Hare 2004).²

Die konseptualisering van welsyn en die benadering tot maatskaplike werk in 'n land soos Suid-Afrika is egter verweef met die land se politieke, ideologiese, ekonomiese en kulturele beskouings in 'n spesifieke tydsgewrig (Patel 2005). 'n Maatskaplike filantropiese benadering tot welsyn weerspieël byvoorbeeld die liefdadigheidswerk deur 'n land se burgers. Hierdie benadering was tiperend van maatskaplike werk in Suid-Afrika aan die begin van die vorige eeu tydens die totstandkoming van die ACVV as welsynsorganisasie. Maatskaplike filantropie is in Suid-Afrika opgevolg met 'n institusionele, residuele of konserwatiewe benadering, waar die staat die hoofrolspeler in welsynsvoorsiening was met 'n reeks monetêre bystandsprogramme. Hierdie benadering is gevolg vanaf die stigting van 'n Staatsdepartement van Welsyn in 1934 tot met die aanvaarding van die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn in 1997, wat 'n maatskaplike ontwikkelingsbenadering voorgestel het. Maatskaplike ontwikkeling word as 'n proses van maatskaplike verandering beskryf, wat die welstand van die samelewing in geheel bevorder, tesame met dinamiese ekonomiese ontwikkeling (Midgley 1995:25).³

'n Ontleding van die ontstaan en bydrae van die ACVV tot welsyn in Suid-Afrika is dus ingebed in die voorafgaande onderskeie benaderings tot maatskaplike werk, wat tydens 'n spesifieke tydperk gevolg is. Teen hierdie agtergrond word die ACVV se historiese mylpale vervolgens

² Die volledige internasionale definisie van maatskaplike werk lui soos volg: "The social work profession promotes social change, problem-solving in human relationships, and the empowerment and liberation of people to enhance wellbeing. Utilizing theories of human behavior and social systems, social work intervenes at the points where people interact with their environments. Principles of human rights and social justice are fundamental to social work."

³ Midgley (1995:25) se definisie van maatskaplike ontwikkeling word wêreldwyd erken. Hy definieer maatskaplike ontwikkeling as "...a process of planned social change designed to promote the wellbeing of the population as a whole in conjunction with a dynamic process of economic development".

ontleed, gevolg deur 'n oorsig van die organisasie se teenswoordige ontwikkelingsgerigte maatskaplikewerk-konteks, ten einde eietydse uitdagings aan die ACVV en soortgelyke welsynsorganisasies uit te lig. Gevolglik word daar in hierdie artikel nie aanspraak gemaak op volledigheid ten opsigte van die geskiedenis van die ACVV en welsyn in Suid-Afrika nie; die werk van die ACVV as welsynsponier word bloot binne die tydperke van welsyn vir armblankes tot inklusiewe ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk beskou, ten einde moontlike lesse te identifiseer wat tans en in die toekoms benut kan word.

ONTSTAAN EN BYDRAE VAN DIE ACVV TOT WELSYN IN SUID-AFRIKA

In die vroeë 1900s het “Vrouekomitees” (Lambrechts & Theron 1959:5) in die Kaapkolonie fondse ingesamel vir noodleniging in die Boere-republieke en vir die versorging van Boere-krygsgevangenes. Dit was die eerste blyke van georganiseerde welsynswerk deur die Afrikanervrou en was die voorloper van die Afrikaanse vroueverenigings. Van die vroegste tyd af het hierdie vrouekomitees 'n ekonomiese inslag gehad. In 'n brief op 26 November 1902 skryf mev. Koopmans-de Wet byvoorbeeld:

De Vereeniging zorge ervoor, dat behoorlik les gegeven worde in naaien, zodat het niet meer gebeure, dat duizenden ponden jaarliks het land uitgaan voor gemaakte dames-kleren; het groote Engeland wordt er niet rijker om, en ons arm land lijdt er onder. (Lambrechts & Theron 1959:11)

Die ontwikkeling van vroue se entrepreneursvaardighede binne die heersende ekonomiese en politieke konteks was dus sentraal in die oorspronklike vrouekomitees se bemagtigingsaksies – 'n aspek wat steeds 'n dryfveer in die werk van die ACVV is.

Die groot aantal weeskinders en armblankes in Suid-Afrika aan die begin van die vorige eeu was waarskynlik die sneller wat tot die stigting van die Zuid-Afrikaansche Christelike Vrouwen Vereniging op 1 September 1904 gelei het (Lambrechts & Theron 1959:13) en wat as die eerste formele welsynsorganisasie in Suid-Afrika gereken kan word (Potgieter 1970). Verskeie takke is gestig en in Mei 1905 is die eerste Kongres gehou. In dieselfde tyd is die Zuid-Afrikaansche Vrouwen Federatie ook gestig. Politieke verskille tussen die twee organisasies het egter daartoe gelei dat besluit is dat die Vrouefederasie in die Transvaal werksaam sou wees en die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) in die Kaapprovinsie. Opeenvolgend is die Orangia Vroue Vereniging in 1908 in die Vrystaat en die Natalse Christelike Vrouevereniging in 1915 gestig. Die onderskeie verenigings het saamgewerk deur middel van 'n Federale Vroueraad wat in 1920 gestig is (Lambrechts & Theron 1959). Ander welsynsorganisasies soos die Kindersorgvereniging in Kaapstad (1908) en in Johannesburg (1909) is kort daarna gevestig (Potgieter 1998). Hierdie verskeidenheid van nie-regeringsorganisasies (NROs), met die ACVV as 'n gerekende rolspeler, is steeds kenmerkend van welsynvoorsiening in Suid-Afrika.

Gelyktydig met die totstandkoming van die vroueorganisasies, is daar in oorsese lande met bewegings begin vir vroueregte. “Maar die woorde ‘vroueregte’, ‘vrouestemreg’ of ‘feminisme’ het by die Afrikaanse vrou van destyds egter geen weerklank gevind nie” (Lambrechts & Theron 1959:2). Die vroue se deelname aan die vroueorganisasies het eerder hulle leierseienskappe ontwikkel en hulle bemagtig. In hedendaagse terminologie is nie net die diensverbruikers bemagtig nie, maar ook die diensverskaffers, naamlik die vroue wat die dienste gelever het. Lambrechts en Theron (1959:2) merk byvoorbeeld tereg op:

Hierdie organisasies was die eerstes wat aan die vrou dwarsdeur die land die geleentheid geskep het om uiting te gee aan hulle aangebore talent tot leierskap en was 'n belangrike opvoedingskool vir die Afrikaanse vrou tot volksdiens.

Lede van die ACVV het gou besef dat die welsynsnood te groot was om sonder voltydse personeel te hanteer. 'n Maatskaplike werker, weliswaar nie gekwalifiseerd nie, is op 1 Julie 1924 in Kaapstad aangestel. Daarna is mev. M.E. Rothmann in 1928 as die eerste besoldigde amptenaar en Organiserende Sekretaresse van die organisasie aangestel. Die eerste gekwalifiseerde maatskaplike werker is voorts in 1935 deur die ACVV-tak van Stellenbosch in diens geneem. Verdere aanstellings van gekwalifiseerde maatskaplike werkers het gevolg, waarvoor geen staatshulp ontvang is nie (Lambrechts & Theron 1959). Die poste van die maatskaplike werkers is deur die vrywillige lede van die organisasie self gefinansier, iets wat vandag 'n enorme verantwoordelikheid en waarskynlik onmoontlik sou wees, alhoewel die konteks van die teenswoordige ekonomiese resessie met daardie tyd vergelykbaar is.

Die dinamika van die ACVV was dus in 'n groot mate in hulle strewe na selfstandige funksionering en onafhanklikheid van staatsfinansiering geleë. Gedurende hierdie tyd (middel-30s) het die ACVV dan ook wegbeweeg van 'n aanvanklike verbintenis met die NG Kerk en regering na bloot 'n geloofsgebaseerde privaat organisasie (Vincent 1999). Konflik met die NG Kerk en die regering het die ACVV genoop om die organisasie se kernaktiwiteite meer spesifiek van algemene welsynsdienste tot suiwer maatskaplike werk te omlyn met die fokus op armoedeverligting deur middel van gesinsgeoriënteerde dienste, aangesien alle dienste nie noodwendig suksesvol was nie. Verwante dienste soos werkskeppingsprojekte sonder regeringshulp was byvoorbeeld nie volhoubaar nie. Die laaste washuis, as 'n werkskeppingsprojek, is in 1944 gesluit (Lambrechts & Theron 1959). Uit onlangse navorsing (Engelbrecht 2008) blyk dit dat mikro-werkskeppingsprojekte deur NROs wat spesifiek met maatskaplikewerk-dienslewering gemoeid is, steeds nie sonder meer volhoubaar is nie, aangesien maatskaplike werkers as laaste vangnet van kwesbare mense uiteraard prioriteit verleen aan die ooraanbod van onmiddellike psigososiale krisis.

Die Eerste Wêreldoorlog het verder tot werkloosheid en armoede in Suid-Afrika bygedra, wat deur verstedeliking en industrialisering vererger is. Aanbevelings van die Carnegie-Kommissie van Ondersoek na die armlankeprobleem tydens 'n Volkskongres in 1934, waartydens die ACVV 'n prominente rol gespeel het, het tot twee mylpale gelei, naamlik die stigting van 'n Staatsdepartement van Welsyn en die begin van formele opleiding van maatskaplike werkers (Winckler 1969). In 'n referaat deur H.F. Verwoerd by die betrokke Volkskongres, ten opsigte van die welsynsdienste wat onder andere deur die ACVV gelewer is, maak hy die volgende opmerkings:

Nog 'n feit wat in die gesig gesien moet word, is dat soms aan armoede gedink word as suiwer 'n kwessie van werkloosheid. Niks is verder van die waarheid nie soos die ervaring van sosiale werkers oor die hele wêreld getuig...werkverskaffing sonder ernstige en langdurige sosiale dienste van verskillende soorte (is) volkome nutteloos...daar moet in verband met hulp aan die reeds verarmde die hoofnadruk gelê word op maatskaplike opheffingswerk, waarby opvoedkundige en ekonomiese maatreëls bykomende hoewel uiters noodsaaklike hulpmiddels is. (Theron 1970: 85, 89)

Hierdie verwysings na die integrering van “maatskaplike opheffingswerk” en “ekonomiese maatreëls” as grondslag vir armoedeverligting is 'n eksplisiete bewys dat elemente van latere idees van byvoorbeeld outeurs soos Midgley (1995) oor maatskaplike ontwikkeling, wat ook in

die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development 1997) vervat is, reeds in die pioniersjare van die ACVV as armoedeverligtingsfilosofie aanvaar is en dat dit die grondslag van die organisasie se werk sedertdien was. Hierdie bydrae tot maatskaplike werk in Suid-Afrika word nie sonder meer algemeen erken nie, waarskynlik vanweë die organisasie se aanvanklike eksklusiewe dienste aan armblankes, wat die oorspronklike armoedeverligtingsfilosofie oorskadu. Tog behoort hierdie filosofie 'n aanduiding te gee dat maatskaplike ontwikkeling, soos dit vandag gekonseptualiseer word, reeds vóór die stigting van die eerste Staatsdepartement van Welsyn en die opleiding van maatskaplike werkers in Suid-Afrika 'n positiewe bydrae tot armoedeverligting gelewer het.

Die eerste Staatsdepartement van Welsyn word vervolgens in 1937 gestig en Lambrechts en Theron (1959) verwys spesifiek na die ACVV se betrokkenheid by hierdie stigting. In 1938 dra die staat die eerste maal tot die fondse van die ACVV by (34 jaar ná die stigting van die organisasie). 'n Skema is ingestel waarvolgens 75 persent van 'n maatskaplike werker se salaris deur die staat betaal sou word. Dit was onvoldoende en die ACVV het voortgegaan om maatskaplike werkers ook uit eie fondse aan te stel. Die staat het hoofsaaklik op bestaansbeveiligingsmaatreëls gefokus, waardeur in die ekonomiese behoeftes van kwesbare mense voorsien is, terwyl die ACVV maatskaplike ondersteuning gebied het. Volgens Lambrechts en Theron (1959:33) het dit gelei tot 'n vennootskap tussen die staat en die ACVV, maar die outeurs identifiseer ook 'n beperking in hierdie vennootskap: "...by die reëling van hulle werksaamhede moet steeds rekening gehou word met departementele voorskrifte wat as voorwaarde vir die toekenning van staatshulp gestel word." Met die aanvaarding van staatsfinansiering is onafhanklikheid dus ingeboet, wat tot vandag toe steeds die geval is.

Lambrechts en Theron (1959:42) wys op 'n ander unieke situasie wat binne die organisasiefunksionering van die ACVV ontstaan het:

Die werkgewers was vrywillige lede en die werknemers was besoldig en professioneel opgelei. Vir die gewone lede van die vereniging wat al die jare die werk uit die liefde tot die naaste gedoen het sonder enige besoldiging, was dit bykans 'n rewolusionêre gedagte om nou 'n persoon 'n salaris te betaal om dit te doen.

Ook Wagner en Theron (1940) verwys na 'n gaping tussen maatskaplike werkers en die besture van ACVV-takke, as gevolg van die professionalisering van maatskaplike werk. Die betrokkenheid van vrywilligers was dus voortaan tot sekere dienste beperk.

Die verkiesing van 1948 in Suid-Afrika het 'n nuwe politieke bedeling onder die Nasionale Party ingelui, wat vir die volgende 46 jaar aan bewind sou wees. 'n Stelsel van aparte ontwikkeling vir verskillende bevolkingsgroepe het daartoe gelei dat ook welsynsdienste sodanig gefragmenteer is (Potgieter 1998). Binne hierdie konteks het die ACVV teen 1959 reeds 128 takke met 5830 vrywilligerlede gehad. Volgens Lambrechts en Theron (1959:46) het maatskaplike werkers reeds toe al verskillende teoretiese gefundeerde maatskaplikewerk-metodes in hulpverlening benut, soos gevallewerk, groepwerk en ook "gemeenskapsdiens" (dit is later gemeenskapswerk genoem). In hierdie verband evalueer Muller (1958:94-95) die situasie soos volg: "Die grootste persentasie van die gevalle het meer as een behandelingsmetode nodig – ongeveer twee-derdes van die kliënte kan nie gehelp word deur die toepassing van slegs een behandelingsmetode nie." Vandag sal hierdie werkswyse as 'n geïntegreerde benadering in maatskaplike werk beskou word (Patel 2005). Hierdie benadering was 'n bewys van die ACVV se gesofistikeerde dienslewering meer as 50 jaar gelede en dit het Midgley en Conley (2010) se hedendaagse siening oor die meriete van 'n balans tussen maatskaplikewerk-metodes in ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk ver vooruitgeleed.

Met die verbanning van die ANC in 1960, het inheemse vorme van welsyn meer te voorskyn gekom onder veral die swart bevolking van Suid-Afrika deur middel van vroueverenigings, jeuggroepe, begrafnisverenigings en so meer (Potgieter 1998). Hierdie verenigings was duidelik polities geïnspireer en meer op ekonomiese bemagtiging as welsyn in die breë afgestem. Maatskaplike werkers in Suid-Afrika was nie algemeen in hulle professionele hoedanigheid by hierdie ontwikkelinge betrokke nie en werkers van die ACVV het steeds hulle omskrewe rolle vervul deur slegs op psigososiale probleme van kwesbare mense te fokus.

Politieke inmenging in die werk van welsynsorganisasies het egter toegeneem, soos geïllustreer deur omsendbrief 66 van 1966 (en later ook omsendbrief 29 van 1966, 65 van 1978 en 6 van 1981) van die Departement Maatskaplike Welsyn en Pensioene, wat van welsynsorganisasies verwag het om die apartheidspolitiek in die welsynsveld toe te pas. Dit het verreikende en ingewikkelde implikasies vir alle welsynsorganisasies in Suid-Afrika gehad ten opsigte van die lewering van verskillende dienste en benutting van verskillende fasiliteite deur verskillende bevolkingsgroepe (Patel 2005:73). Desondanks lewer die ACVV vanaf 1979 dienste aan alle bevolkingsgroepe (ACVV 1994). Wat nie algemeen in die Suid-Afrikaanse welsynsgemeenskap besef word nie, is dat die waagmoedigheid van hierdie inisiatief beskou moet word teen die agtergrond van die promulgering van drie regulerende wette die vorige jaar, naamlik die Nasionale Welsynswet (Wet 100 van 1978), wat registrasie van welsynsorganisasies gevestig het, die Wet op Fondsinsameling (Wet 107 van 1978), wat fondsinsameling gereguleer het en die Wet op Maatskaplike en Geassosieerde Werkers (Wet 110 van 1978), wat 'n statutêre Raad vir die regulering van maatskaplike en geassosieerde werkers ingestel het. Die organisasie het dus uit eie inisiatief en strydig met heersende politieke leerstellings begin om maatskaplikewerk-dienste inklusief te transformeer. Hierdie beweging weg van dienste slegs aan armblankes was gegrond op veranderende samelewingsbehoefte en -tendense en is gedryf deur die beskikbaarstelling van die organisasie se kernaktiwiteit, naamlik maatskaplike gesinsorgdienste, sowel as die organisasie se kundigheid, kapasiteit en bowenal sorgsaamheid aan alle kwesbare mense van Suid-Afrika (ACVV 1994).

Dat die maatskaplikewerk-professie in Suid-Afrika inderdaad besig was om teen die begin van die 1980s te transformeer, word deur McKendrick (1987) onderskryf met identifisering van aspekte soos die beweging weg van 'n residuele fokus na gemeenskapsgebaseerde voorkomende welsynsdienste. In 1983 het 'n nuwe grondwet in Suid-Afrika voorsiening gemaak vir 'n driekamerparlement, waarvan die swart bevolking uitgesluit was. Gedurende daardie tyd is 'n multidissiplinêre strategie vir gemeenskapsontwikkeling en later 'n Nasionale Bevolkingsontwikkelingsprogram deur die regering bekendgestel, wat daarop gerig was om gemeenskappe op plaaslike vlak te stimuleer en om 'n balans tussen bevolkingsgroei en beskikbare bronne te verseker. Patel (1992) bevind dat die program nie suksesvol was nie, omdat dit nie daarin kon slaag om gemeenskappe te mobiliseer nie en dat vertroue en geloofwaardigheid ingeboet is as gevolg van die feit dat dit as 'n apartheidsregeringsprogram beskou is wat nie die ondersteuning van die meerderheid van die bevolking gehad het nie. Gedurende hierdie tyd het die verskil tussen welsynsprogramme wat deur die regering voorgeskryf is en behoeftegerigte maatskaplike programme deur NROs duidelik na vore getree. Die maatskaplike programme van die ACVV, in teenstelling met die regering se nasionale programme, is byvoorbeeld sedert die organisasie se stigting in samewerking met vrywilligers en dus deur middel van gemeenskapsinspraak geïmplementeer, en het van meet af 'n voorkomende inslag gehad, afgestem op die behoeftes van kwesbare gemeenskappe.

Ná Nelson Mandela se vrylating in 1990, was dit nie net op politieke terrein waar drastiese transformasie plaasgevind het nie, maar ook op welsynsgebied. Die werk van Patel (1989; 1991;

1992) het in 'n groot mate bygedra tot 'n raamwerk vir ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsyn in Suid-Afrika. 'n Enkele Departement van Welsyn en Bevolkingsontwikkeling is in 1994 gevestig, ná bewindsoorname deur die ANC. Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development 1997), wat ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste in Suid-Afrika voorgestel het, is deur die Kabinet en algemeen deur die welsynsektor aanvaar en was in ooreenstemming met die Verenigde Nasies se rigtinggewende besluite in 1995 oor maatskaplike ontwikkeling. Die nuwe welsynsmodel fokus kortliks op die volgende: 'n regtegebaseerde benadering tot dienslewering, geïntegreerde gesinsgesentreerde en gemeenskapsgebaseerde dienste, en 'n veelsydige benadering tot dienslewering en gemeenskapsontwikkeling. Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development 1997:4) is egter opmerklik krities ten opsigte van welsynsdienste wat in die verlede gelewer is deur verklarings soos:

Past welfare policies and programmes were inequitable, inappropriate and ineffective in addressing poverty, basic human needs and the social development priorities of all people and racial, gender, sectoral and geographic disparities have created significant distortions in the delivery system. In general, welfare service provision has an urban and a racial bias.

Alhoewel hierdie kritiek nie spesifiek op die ACVV gerig is nie, is dit ongegrond ten opsigte van die ACVV, soos uit die organisasie se geskiedenis blyk, byvoorbeeld: afgesien van die feit dat die ACVV vanweë konteks en kultuurgebondenheid aanvanklik nie regtegebaseerde dienste aan alle bevolkingsgroepe gelewer het nie, het die organisasie met die aanvaarding van die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn reeds vir 18 jaar lank bykans 'n eeu se ervaring van gesinsgesentreerde en gemeenskapsgebaseerde dienste aan alle bevolkingsgroepe beskikbaar gestel; het die organisasie deurlopend veelsydige maatskaplikewerk-dienste aan kwesbare mense gelewer in tye toe sommige NROs meer met politieke en maatskaplike aksies gemoeid was; en is die organisasie se wortels juis in die platteland gesetel. Die organisasie se dienste, soos reeds beklemtoon, was en is dus beslis nie ontoepaslik en oneffektief nie, omdat konkrete, volhoubare suksesse deurlopend deur die geskiedenis en navorsing bewys is (Boshoff 2007). Trouens, dit is reeds genoem dat elemente van die armoedeverligtingsfilosofie van 'n maatskaplike ontwikkelingsbenadering wat deur die betrokke Witskrif voorgestel word, reeds met die stigting van Suid-Afrika se eerste Staatsdepartement van Welsyn in die ACVV se dienslewering te bespeur was; en dit was vanweë die organisasiekultuur en funksionering nie 'n vreemde benadering nie.

Ondanks die feit dat die maatskaplike ontwikkelingsdiskoers van die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn bloot 'n filosofiese raamwerk is, het die ACVV op grond van die organisasie se ervaring en kapasiteit die aard van dienste en wyse van dienslewering verder getransformeer om dit eksplisiet binne die nuwe demokratiese bestel en konteks te operasionaliseer. 'n Voorbeeld is die organisasie se Model vir die Ontwikkeling van Gemeenskapsinspraak en Deelname in Dienslewering (MOGID). Hierdie model van dienslewering skep 'n formele platform binne die ACVV, waar gemeenskapslede óf regstreeks óf mettertyd op bestuursvlak van die organisasie kan funksioneer. Gemeenskapsinspraak in maatskaplike werk is die vertrekpunt van hierdie model, sodat gemeenskapslede se sterktes, kapasiteit en leierskap ontdek, versterk en benut kan word, nie net in die lewering van dienste aan kwesbare mense nie, maar ook in die bestuur van hierdie dienste (ACVV 2008).

Alhoewel die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn as 'n makro-beleidsinisiatief daargestel is en nie net op die maatskaplikewerk-professie gemik was nie, het dit drastiese implikasies vir maatskaplike werk in Suid-Afrika gehad, aangesien alle toekomstige aktiwiteite op die maat-

skaplikewerk-terrein voortaan op die betrokke Witskrif gegrond sou word. 'n Konkretisering daarvan is dat die Nasionale Departement van Welsyn sedert Julie 2000 as die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling bekend sou staan om die ontwikkelingsgerigte benadering tot welsyn in Suid-Afrika te bevestig (Department of Social Development 2006a). Ook die Raad vir Maatskaplike Werk is tot die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe (SARMD) gedurende hierdie tyd omvorm. Pogings is dus aangewend om ander maatskaplike diensberoepe, wat tot maatskaplike ontwikkeling meewerk, saam met maatskaplike werk onder een Raad te groepeer (SACSSP 2008). Maatskaplike hulpwerkers en gemeenskapsontwikkelingsbeamptes van die ACVV kon dus voortaan onder een statutêre liggaam saam met maatskaplike werkers tot ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk bydra.

'n Ander dokument wat radikale implikasies vir die ACVV ingehou het, is die Beleid oor Finansiële Toekennings vir Diensverskaffers (Department of Social Development 2005).⁴ Hierdie beleid was rigtinggewend ten opsigte van die regering se finansiering van maatskaplike diensverskaffers en het ten doel gehad om dienste en bronne te herposisioneer en na die informele sektor te herlei; en om volgens die regering se oogmerke, doeltreffende dienste aan die arm en kwesbare sektore van die samelewing te verseker. In hierdie beleidsdokument word daar verwys na 15 vereistes waaraan voldoen moet word om te bewys dat welsynsorganisasies getransformeer het, ten einde verdere staatsubsidies te ontvang. Gevestigde en formele welsynsorganisasies soos die ACVV word uitgesonder en in 'n finansieringskriterium word dit spesifiek gestel dat hulpbronne, kennis, kundigheid en tegniese ondersteuning aan ontwikkelende gemeenskapsgebaseerde organisasies gebied moet word. Kapasiteitsbou van sodanige ontwikkelende gemeenskapsgebaseerde organisasies is egter reeds deur die ACVV onderneem voordat die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se finansieringsbeleid dit as transformasievereiste gestel het (ACVV 2004). Navorsing toon byvoorbeeld dat die organisasie teen 2007 reeds 32 kapasiteitsbouprojekte bedryf het (Boshoff 2007), wat die dinamika van die organisasie selfs in 'n nuwe politieke bedeling onderskryf.

Dat maatskaplikewerk-dienslewering teen 2006 by 'n keerpunt in die geskiedenis van die professie in Suid-Afrika was, kan afgelei word uit die beduidende migrasie van maatskaplike werkers na ander beroepe en na lande soos Engeland, onder andere vanweë swak werksomstandighede en vergoeding, maar ook as gevolg van regstellende aksie, gebrekkige befondsing van NROs en 'n gevolglike afname in die kwaliteit van maatskaplikewerk-dienste (Engelbrecht 2006). In antwoord hierop, word maatskaplike werk in 2006 as 'n skaars vaardigheid deur die Departement van Arbeid verklaar en word 'n nasionale retensiestrategie aanvaar (Department of Social Development 2006b). Hierdie tendens het ook die ACVV swaar getref, enersyds met buitensporige personeelwisselings en blywende vakante poste, veral omdat die staatsdiens aansienlik beter vergoedingspakette aan maatskaplike werkers kan bied. Andersyds is die lojaliteit, integriteit en kwaliteit van maatskaplike werkers wat in die ACVV se diens aangebly het, onderskryf. Die organisasie het egter as teenvoeter met uitgebreide navorsing begin om bestuur en supervisie van maatskaplike werkers binne die organisasie te transformeer ten einde by heersende menslike hulpbron-tendense aan te pas (Engelbrecht 2009).

Nog 'n belangrike beleidsdirektief met 'n impak op maatskaplike werk in Suid-Afrika, is die regering se Geïntegreerde Diensleweringmodel vir ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienste

⁴ 'n Nuwe beleidsdokument oor Finansiële Toekennings vir Diensverskaffers ("Final Draft of the Policy on Financial Awards to Service Providers") is deur die Departement Maatskaplike Ontwikkeling in Maart 2011 vir konsultasies vrygestel.

(Department of Social Development 2006a). Hierdie Diensleweringmodel het ten doel om 'n nasionale raamwerk te voorsien wat die aard, omvang en vlakke van maatskaplike werk uiteensit; en om norme en standaarde vir toepaslike dienste daar te stel, wat die grondslag vir befondsing en groter doeltreffendheid in dienslewering sal lê. Die ACVV se Wolanani-programme (ACVV 2011b) wat uit 16 programme bestaan, kan voorgelê word as 'n voorbeeld van wat met die Geïntegreerde Diensleweringmodel beoog word. Hierdie programme word vanuit 'n sterkte-gebaseerde perspektief op maatskaplike werk aangebied, waarin al die maatskaplike werkers van die ACVV deur indiensopleiding goed onderleg is en wat daartoe bygedra het dat die organisasie ook op internasionale vlak as voorbeeld van 'n sterktegebaseerde organisasie voorgelê is (Engelbrecht 2010).

Die mees onlangse ingrypende bydrae tot transformasie van welsyn in Suid-Afrika is sekerlik deur die nuwe Kinderwet (2006) gelewer. Besondere uitdagings word deur die betrokke Wet gestel aan NROs wat met statutêre ingryping gemoed is. Die ACVV dra egter daadwerklik by tot die implementering van die wet deur middel van verskeie opleidingsprogramme vir personeel en vrywilligers. Gedurende 2010/2011 is bewusmakingsprogramme byvoorbeeld ten opsigte van die wet en kinderbeskermingsdienste aan 48 000 kinders, gesinne en gemeenskapslede aangebied (ACVV 2011a).

DIE ONTWIKKELINGSGERIGTE MAATSKAPLIKEWERK-KONTEKS VAN DIE ACVV

Slegs die akroniem "ACVV" word tans benut om na die organisasie te verwys, alhoewel die diensmotief van die organisasie steeds konstitusioneel 'n Christelike en Afrikaanse grondslag het en die organisasie hoofsaaklik deur vroue bedryf word. Binne die huidige maatskaplike ontwikkelingsgerigte konteks van Suid-Afrika is die missie van die organisasie om maatskaplike beskermingsdienste aan kinders, gesinne en ouer persone te lewer. Hierdie missie word gerig deur 'n visie van selfversorgende gesinne, waar gesinslede mekaar se regte beskerm, verantwoordelikhede nakom en uitreik na hulpbronne waar nodig. Dienste word tans aan meer as 1 000 000 kinders, gesinne en ouer persone, ongeag hulle taal, geloofsoortuiging, geslag en -oriëntasie in 570 gemeenskappe in die Wes-Kaap, Oos-Kaap, Noord-Kaap en 'n gedeelte van Noordwes gelewer. Maatskaplikewerk-programme fokus op bewusmaking, vroeë intervensie, statutêre ingryping en herintegrasie. Fasiliteite en inrigtings van die organisasie sluit onder andere die volgende in: versorgingsoorde; naskoolsentrums; kinderhuise; sentrums vir straatkinders; dienssentrums en tehuise vir ouer persone en neurale gestremde dames; sowel as beskermde werkplekke vir persone met gestremdhede en beskermende behuisingsprojekte (ACVV 2004; ACVV 2008; Boshoff 2007).

Die organisasie bestaan tans uit 114 takke en dienstakke wat afsonderlik geregistreerde organisasies sonder winsoogmerke en finansiële eenhede is. Vrywilligers veral in die platteland, vorm steeds die grondslag van die ACVV se dienslewering. Bykans 9 000 vrywilligers bestuur en werk mee aan dienslewering van grondvlak af tot by die hoogste besluitnemingsgesag van die organisasie en tree ook as werkgewers vir personeel op. Meer as 4 300 besoldigde personeel werk vir die ACVV, waarvan 183 by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensprofessies geregistreer is. Gedeeltelike finansiële ondersteuning vir maatskaplike dienste word van die staat aan die hand van voorleggings of diensplanne ontvang, wat jaarliks volgens voorskrifte ingedien moet word. Hierdie finansiering is egter ontoereikend in vergelyking met die diens wat die staat verwag. In 2004/2005 was die staatsubsidie van die nasionale en provinsiale Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling byvoorbeeld minder as 22 persent van die ACVV-hoofbestuur se

totale begroting (ACVV 2008; Boshoff 2007). Die aanvulling van fondse op kreatiewe maniere is dus 'n deurlopende prioriteit, wat al hoe moeiliker word teen die agtergrond van die wêreldwye ekonomiese resessie en wat dienslewering kan beperk.

EIETDSE UITDAGINGS VIR ONTWIKKELINGSGERIGTE MAATSKAPLIKE WERK

Gebaseer op die voorafgaande uiteensetting oor die konteks en bydrae van die ACVV tot maatskaplike werk in Suid-Afrika, ondanks politieke, sosiale, ekonomiese, geografiese en selfs tegnologiese eise, kan bepaalde lesse geïdentifiseer word, wat as uitdagings binne 'n ontwikkelingsgerigte maatskaplikewerk-konteks gestel kan word.

Waarskynlik die kenmerkendste eienskap van die ACVV is dat dit 'n stabiele organisasiekultuur het, waarvan vroue, taal en godsdiens die hoofelemente sedert die stigting van die organisasie is. Hierdie organisasiekultuur, ondanks gereelde kritiek en druk tot politieke-korrekte veranderinge die afgelope eeu, is steeds 'n besliste samebindende faktor vir vrywilligers, wat die ruggraat van die organisasie vorm. Vir oorlewing van organisasies soos die ACVV binne 'n maatskaplike ontwikkelingskonteks wat sosio-ekonomies en veral politieke vloeibaar is, is deurlopende evaluering van die elemente van die organisasiekultuur en gevolglike impak op die vrywilligerkorps onontbeerlik, ten einde te kan onderskei of die betrokke elemente volhoubare maatskaplike dienslewering in die hand werk óf bloot in belang van heersende instellings is.

Soos uit die ACVV se bestuur van vrywilligers blyk, deur die organisasie se deurlopende opleiding van vrywilligers ten opsigte van veranderende staatsvereistes, wette en regulasies, word vrywilligers binne 'n waardegedrewe leeromgewing bestuur. Hierdie waardegedrewe leeromgewing moet egter selfvernwend wees, soos blyk uit die ACVV se aanpassing by heersende tendense met innoverende programme. Die feit dat die ACVV van sy stigting af ook op die ontwikkeling van vrywilligers se sterktes fokus, is 'n verdere aspek wat daartoe bydra dat vrywilligers eienaarskap van die organisasie neem, en dit word verder bevorder deurdat maatskaplike programme nie net diensverbruikers bemagtig nie, maar ook vrywilligers se kapasiteit ontwikkel. Die uitdaging is om vanuit 'n sterkteperspektief diensverbruikers, vrywilligers, maatskaplike hulpwerkers, gemeenskapsontwikkelingsbeamptes en maatskaplike werkers, as een maatskaplike ontwikkelingsgemeenskap met gelyke inspraak te integreer om moontlike konflik vanweë verskille in benaderings produktief te bestuur.

Die ACVV se kernaktiwiteit van meet af, naamlik gesinsorgwerk binne die konteks van armoedeverligting, lewer ook bewys van die organisasie se gefokusde maatskaplike hulp aan kwesbare mense. Ondanks politieke druk, blyk dit dat die organisasie nooit hierdie fokus verloor en betrokke geraak het by ander maatskaplike aksies nie, wat die organisasie se vrywilligerbasis kon vervreem en die kwaliteit van hulpverlening kon benadeel het nie.

Aangesien maatskaplike werk wyd en omvattend in 'n maatskaplike ontwikkelingskonteks gedefinieer kan word, het die ACVV ook bewys dat die visie en missie van ontwikkelingsgerigte maatskaplikewerk-organisasies sodanig afgebaken behoort te wees, dat maatskaplike werkers primêr moet konsentreer op dit waarvoor hulle teoretiese en professionele onderbou hulle in staat stel, soos byvoorbeeld om statutêre dienste te lewer. Geen ander professie is by magte om in Suid-Afrika statutêre maatskaplikewerk-dienste te lewer nie (RSA 1978). Indien dit nie maatskaplike werkers se prioriteit is nie en hulle nie beskikbaar is om hierdie dienste doeltreffend te lewer nie, is daar geen ander vangnet vir diensverbruikers nie en word die basiese beginsels van maatskaplike ontwikkeling nie nagekom nie.

Om maatskaplike ontwikkeling voorts slegs in terme van ekonomiese projekte soos werkskepping te beskou, het ook geblyk nie beduidend en volhoubaar te wees nie, hoofsaaklik weens die ooraanbod van kritieke psigososiale problematiek waarmee die voorste linie van maatskaplike werkers sonder die nodige hulpbronne te doen kry. Trouens, die integrering van ekonomiese aktiwiteite met maatskaplikewerk-aktiwiteite deur middel van byvoorbeeld die ontwikkeling van entrepreneursvaardighede was van meet af 'n dryfveer en deel van die ACVV se werkpatroon. Dit is nie 'n vreemde armoedeverligtingsfilosofie vir die organisasie nie en behoort binne die konteks van maatskaplike ontwikkeling voortgesit te word – maar deur daadwerklike fasilitering van sodanige aksies tydens alle dienste op alle vlakke en nie slegs as geïsoleerde projekte in programme nie. 'n Situasiespesifieke balans tussen ontwikkelings- en remediërende funksies en ook metodiek in maatskaplike werk (gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk) behoort uiteraard nagestreef te word, ten einde doeltreffende ontwikkelingsgerigte maatskaplikewerk-dienste te kan aanbied.

Die geskiedenis van die ACVV dui daarop dat 'n vennootskapsverhouding met die staat veral finansiële onafwendbaar is, maar dat gepaardgaande eise die kwalitatiewe funksionering van die organisasie kan benadeel: die staat se politieke doelwitte en agenda toon nie noodwendig begrip vir die ACVV se organisasiekultuur nie. Vanweë globalisering, ter wille van finansiële oorlewing en onafhanklike funksionering sonder om bloot as agent vir die staat op te tree, behoort die ACVV en ander NROs hulle inkomstebasisse dringend op kreatiewe wyses te diversifiseer. Geleenthede vir byvoorbeeld entrepreneursgerigte dienslewering aan die privaat- en bedryfsektor, gefokus op die organisasie se kernaktiwiteit, behoort geïdentifiseer te word om 'n volhoubare finansiële inkomste vir die organisasie te genereer. Die deurlopende kapasiteitsbou van informele organisasies wat tans kenmerkend van die ACVV is, behoort ook verder versterk te word, as deel van maatskaplike ontwikkeling aan plaaslike sowel as internasionale befondersers bemark te word, en behoort gevolglik by die inkomstebasis van die organisasie verreken te word.

Deur die hele geskiedenis van die ACVV blyk dit dat die lojaliteit, integriteit en kwaliteit nie net van die organisasie se vrywilligers kenmerkend is nie, maar ook van maatskaplike werkers en ander personeel, hoofsaaklik vanweë die samebindende organisasiekultuur – 'n faktor wat tans kompeteer met ekonomiese en ander kragte te wyte aan globalisering. Behoud van personeel en vrywilligers is dus 'n dringende aspek wat in die toekoms toenemend kreatief bestuur sal moet word, deur al die sterktes van die organisasie te kombineer ten einde volhoubaarheid te verseker.

SAMEVATTING

Uit die ontleding van die geskiedenis van die ACVV blyk dit dat die beweegredes en krag van veral vroue in welsyn soms moeilik begryp en selfs gekritiseer word, sonder om te besef dat die motief vir naastediens diep begrond is, en dat waardevolle lesse hieruit geleer kan word. Om die ACVV slegs binne die konteks van 'n volksmoederdiskoers of kleurslagboom te beskou, is dus eendimensioneel, sonder enige begrip daarvan dat dit juis die organisasiekultuur en vrywilligerbasis van die organisasie is wat die ACVV vir geslagte lank en verskillende politieke bestelle laat oorleef het. Die kapasiteit en dienste van die organisasie, ontwikkel deur meer as 'n eeu se ervaring en transformasie van welsynsdienste aan armblankes tot inklusiewe ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk, demonstreer steeds 'n beduidende positiewe impak op die lewens van kwesbare mense in Suid-Afrika – 'n bate en prestasie waarop min instellings in Suid-Afrika kan roem. In hierdie verband verwys Rothmann (1940:91) meer as 70 jaar gelede na die werk van die ACVV soos volg:

Dit is heeltemal waar ... dat ons nie oor groot gelde beskik nie;... maar ons is besig met vertakkings van die openbare lewe wat al die bogenoemdes nie aanpak nie, en as ons tak goed werk, vul ons 'n baie belangrike plek in die samelewing.

Hierdie aanhaling is vandag steeds van toepassing: vroue, soos dié betrokke by die ACVV, het deur die geskiedenis heen bewys dat hulle konsekwent by maatskaplike ontwikkeling sonder groot ophef betrokke is en bly; en dat hulle daadwerklik tot transformasie van welsyn en maatskaplike werk in Suid-Afrika bydra. Vandag is sulke onbaatsugtige maatskaplike dienslewering voorwaar 'n uitdaging. 'n Beskouing van die werk van die ACVV as welsynsponier gee egter die versekering dat ook eietydse maatskaplike uitdagings die hoof gebied sal kan word.

BIBLIOGRAFIE

- ACVV. 1994. *Gedenkbrosjyre. 90-jarige bestaan van ACVV*. Kaapstad: ACVV Hoofkantoor.
- ACVV. 2004. *ACVV-Kongresnotule van 2004*. Kaapstad: ACVV Hoofbestuur.
- ACVV. 2008. *Oriëntering bestuursprogram*. Kaapstad: ACVV Hoofkantoor.
- ACVV 2011a. *Statistiek*. Kaapstad: ACVV Hoofkantoor.
- ACVV. 2011b. *Wolanani programme*, <http://www.acvv.org.za/Images/Kinder/Images/Walalani5.swf> [10 Julie 2011].
- Boshoff, S. 2007. *Kapasiteitsbou van informele gemeenskapsgebaseerde organisasies deur maatskaplike werkers van die ACVV*. MA-tesis. Universiteit van Stellenbosch.
- Department of Social Development. 2005. *Policy on the financial awards to service providers*. Pretoria: Government Printers.
- Department of Social Development. 2006a. *Integrated service delivery model towards improved social services*. Pretoria: Government Printers.
- Department of Social Development. 2006b. *Recruitment and retention strategy for social workers*. Pretoria: Government Printers.
- Du Toit, M. 2003. The Domesticity of Afrikaner Nationalism: Volksmoeders and the ACVV, 1904–1929. *Journal of Southern African Studies*, 29 (1):155-176.
- Engelbrecht, L.K. 2006. Plumbing the brain drain of South African social workers migrating to the UK: Challenges for social service providers. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 42(2):127-146.
- Engelbrecht, L.K. 2008. Economic literacy and the war on poverty: A social work challenge? *International Journal of Social Welfare*, 17 (2):166-173.
- Engelbrecht, L.K. 2009. *Die status van supervisie in die ACVV*. Kaapstad: ACVV Hoofkantoor.
- Engelbrecht, L.K. 2010. A strengths perspective on supervision of social workers: An alternative management paradigm within a social development context. *Social Work and Social Sciences Review*, 14(1):47-58.
- Engelbrecht, L.K. 2011. The global financial crisis: Response of social workers to the financial capability of vulnerable households in South Africa. *Journal of Social Intervention: Theory and Practice*, 20(2):41-53.
- Gray, M. 2006. The progress of social development in South Africa. *International Journal for Social Welfare*, 15 (Suppl. 1):53–64.
- Hare, I. 2004. Defining social work for the 21st century. The International Federation of Social Workers' revised definition of social work. *International Social Work*, 3(47): 406-424.
- Hugo, E.A.K., Schoeman, J.H. & Engelbrecht, J.F.P. 1980. *Gemeenskapswerk*. Pretoria: Heer Drukkers (Edms) Bpk.
- Kruger, L. 1991. Gender, community and identity: Women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919–1931). MA dissertation, University of Cape Town.
- Lambrechts, H.C. & Theron, E. 1959. *Vrouevolksdiens. Die werk van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging*. Kaapstad: HAUM.
- McKendrick, B.W. 1987. (ed.) *Introduction to Social Work in South Africa*. Pinetown: Owen Burgess.
- Midgley, J. 1995. *Social development. The developmental perspective in social welfare*. London: SAGE Publications.

- Midgley, J. & Conley, A. 2010. *Social work and social development: Theories and skills for developmental social work*. New York: Oxford University Press.
- Ministry for Welfare and Population Development. 1997. *White Paper for Social Welfare*. Notice 1108 of 1997. Government Gazette, 386 (18166). Pretoria, 8 August.
- Muller, A. 1958. Gevallestudie-teorie en praktyk. MA-tesis. Universiteit van Stellenbosch.
- Nzimande, B. 2011. *Budget Vote speech by Minister of Higher Education and Training*, National Assembly, <http://www.info.gov.za/speech/DynamicAction?pageid=461&sid=18611&tid=33905> [26 May 2011].
- Patel, L. 1989. *Towards a democratic welfare system: Options and strategies*. *Proceedings of the National Social Welfare Policy Conference*. Johannesburg: University of the Witwatersrand.
- Patel, L. 1991. *Principles, guidelines and recommendations of developmental social welfare policies and programmes in a democratic South Africa*. Regional Consultative Conference on Social Welfare Policy in National Reconstruction and Development, 21–22 June, Johannesburg: University of the Witwatersrand.
- Patel, L. 1992. *Restructuring social welfare options for South Africa*. Johannesburg: Ravan Press.
- Patel, L. 2005. *Social welfare and social development in South Africa*. Cape Town: Oxford University Press.
- Potgieter, M.C. 1970. *Maatskaplike sorg in Suid-Afrika*. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers.
- Potgieter, M.C. 1998. *The social work process. Development to empower people*. South Africa: Prentice Hall (PTY) LTD.
- Rothmann, M.E. 1940. Gesondheids- en opvoedingswerk by 'n plattelandse maatskaplike vereniging. In Wagner O.J. M & Theron, E. 1940. *Maatskaplike werk by 'n plattelandse vereniging*. Kaapstad: Nasionale Pers, Bepers, pp.73- 91.
- SACSSP (South African Council for Social Service Professions). 2008. *Draft executive summary of the research report on the demarcation of social services: professionalization and specialization*, <http://www.sacssp.co.za/UserFiles/File/RESEARCH%20EXECUTIVE%20SUMMARY%20edited%20%20amendedff.doc> [2 Junie 2011].
- RSA (Republic of South Africa). 1978. *Act on Social and Associated Workers*, Act 110 of 1978. Pretoria: Government Printers.
- RSA (Republic of South Africa). 2006. *Children's Act*, No.38 of 2005. Government Gazette, vol. 492, 19 June. No 28944: Cape Town.
- Theron, E. 1970. H.F. Verwoerd as welsynbeplanner. 1932–1936. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en -Boekhandelaars (Edms) BPK.
- United Nations Development Programme. 2009. *Human Development Report 2009*, <http://hdr.undp.org> [15 July 2011].
- Vincent, L. 1999. A Cake of Soap: The Volksmoeder ideology and Afrikaner Women's campaign for the vote. *The International Journal of African Historical Studies*, 32(1):1–17.
- Wagner O.J. M & Theron, E. 1940. *Maatskaplike werk by 'n plattelandse vereniging*. Kaapstad: Nasionale Pers, Bepers.
- Walker, C. (ed.). 1990. *Women and gender in Southern Africa to 1945*. Cape Town: David Philips Publishers.
- Winckler, A.T. 1969. *Volkswelsynbeleid. 'n Sosiaal-historiese studie van tendense in Suid-Afrikaanse Volkswelsynbeleid*. 1910-1966. Stellenbosch: Kosmo- uitgewery EDMS BPK.
- Zastrow, C.H. 2006. *Direct social work practice: Theory and skills* (7th ed.). Kanada: Thomson Brooks/Cole.